



SPOORLOSE E-GENERASIE

WANNEER DIE ARGEOLOË VAN DIE TOEKOMS EENDAG ONS BESKAWING OPGRAWE, SAL HULLE GENOEG GESKREWE BEWYSE VAN ONS BESTAAN VIND?



N iemand skryf meer briewe en in dagboeke, stuur telegramme en kaartjies of maak foto-albums nie. Ons verhale is nou 'n WhatsApp-boodskap of e-pos lank – vlietende gedagtes uitgewis met die druk van 'n knoppie. Watter geskrewe narratief laat die hedendaagse mensdom na vir die historici, skrywers, biograwe en ander snuffelaars van die toekoms? Wat sal uiteindelik beland in 'n argief, die kasteel van die primêre bron waar mense se verhale in hul talle vorms nog altyd bewaar is?

Dit is juis in argiewe waar jy kan gaan sit en lees wat mense voor jou gedink, geskets en afgeneem het. Waar jy as't ware deur hul gedagtes kan "blaai". Maar as niemand meer hul geheime en wense in 'n dagboek of intieme briewe aan mekaar neerskryf nie, hoe sal mense oor 'n honderd jaar weet wat óns gedink het?

Emeritus prof. Fransjohan Pretorius, geskiedkundige, is bekommerd hieroor. Hy meen daar is reeds 'n leemte "omdat die ingesteldheid om te skryf verlore gaan". Voorheen het argiewe kosbare versamelings opgebou deurdat mense items van groot historiese waarde geskenk het. Sulke aanwinste, soos dit bekend staan, word al hoe skaarser.

"Wat mense as inligting op die internet beskou, soos Wikipedia, is nie dieselfde nie," voeg hy by. "Dit is wonderlik as ek gou 'n datum of plek wil nagaan, maar dit is nié dieselfde as ek wil weet wat twee mense vir mekaar geskryf het nie."

Argiewe is die bewaarplek van manuskripte, pamflette, koerante, tydskrifte en kaarte waarvan die inhoud nie, soos oor die internet, verdraai kan word nie.

"Geschiedskrywers van die toekoms sal hulle moet verlaat op die internet en dit is nie dieselfde nie," sê Fransjohan. "Ek het 10 000 e-posse en daar is geen manier dat ek dit kan uitdruk nie. Dit beteken dit sal op die ou end verlore gaan."

ELEKTRONIESE BEWARING

Antjie Krog, digter en akademikus, het nog ou notaboeke waarin gedigte geleidelik vorm aanneem, terwyl latere manuskripte van rekenaar tot rekenaar verlore gegaan het.

"Is dit jammer? Ek dink nie so nie," sê sy. "Die wêreld is so vol tekste dat ek al hoe meer begin dink hoe minder mens skryf, hoe minder jy opteken en vaslé hoe beter. Elke mens dra hom of haar byna dood aan 'n helse visuele-enspraakbondel van 'n eie, ongemaklike lewe. Kinders kyk na video's van hul eie geboorte, gesprekke met bekendes word Skype-opvoerings, diep begeertes verskyn in SMS-taal. Mense wie se haarkapperrekening groter as hul boekrekening is, se menings word danksy lugtyd die evangelie.

"Ek dink baie keer aan die wonderlike beskrywing van Etienne Leroux in *Magersfontein, o Magersfontein*: van die skoonheidskoningin wie se brein soos 'n pas uitgebroeide voëltjie in haar kop roer," sê Antjie. "Dalk moet mens dit begin sien as die demokratisering van gedagtes – dis nie meer net die uitverkorenes wat tyd en talent het wie se dagboeke en briewe die tyd oorleef nie, maar almal s'n bondel en broei saam, met ewe goeie kans om te regeer of tot niet te gaan in hoeke van die internet."

Die skrywer Jeanette Ferreira, wie se boek *Bloedlelie* onlangs verskyn het, meen die voordele van e-dokumente moenie uit die oog verloor word nie.

"Dit kan langer en beter bewaar word as brose papierdokumente. Laasgenoemde moet soms in aangepaste temperature bewaar word wat duur is en nie die permanente behoud daarvan noodwendig waarborg nie. Dit bly weerloos teen byvoorbeeld brand en opsetlike vernietiging.

"Dieselfde geld natuurlik elektroniese dokumente – 'n dokument kan met een sleutel uitgewis of vernietig word. Die kans daarop lyk egter geringer omdat elektroniese dokumente so maklik gedupliseer en bewaar kan word. Stuur nou maar 'n onbedagte SMS of e-pos die wêreld in en jy het die spreekwoordelike sak vere wat uitgeskud is."

Dat e-dokumente bewaar moet word, is iets waarvan mense bewus gemaak moet word. 'n Eksterne hardeskyf wat op 'n ander plek as jou rekenaar bewaar word, is een moontlikheid. Anders kan dit natuurlik oor die internet geberg word, maar dan moet ons ook toekomsgerig wees – in die lig van die duiselingwekkende elektroniese ontwikkeling – deur ons af te vra of e-dokumente wat nou geproduseer word, nog oor 'n eeu ontsyferbaar sal wees.

"'n Meer filosofiese beskouing betrek die kwessie van skriftelikheid," sê Jeanette. "Die mens het gevorder van 'n mondelinge na 'n skriftelike werklikheid. Mondelinge oorlewering het vir eeue behoue gebly, hoewel nie so akkuraat soos skriftelike oorlewering nie, want dit word voortdurend deur die verteller aangepas en geheue speel natuurlik ook 'n rol.

"Trouens, van die oudste Afrika-verhale wat mondeling oorgelewer is, word aangepas vir ons huidige werklikheid. Die verhaal van 'n man wat na 'n ver land vertrek om vir sy koning te gaan oorlog maak, maak later weer sy verskyning en dan reis die man in 'n trein na die myne toe om daar te gaan werk. In verhale waar die minnaars mekaar vind en die man lewer die gevraagde lobola, is dit nie ongewoon om later die verhaal te hoor as dat die minnaars by die sendingstasie getroud is nie.

"We live our lives like a story being told. Dit is nie noodwendig 'verkeerd' nie, want wanneer 'n mondelinge verhaal op papier aangeteken word, 'sterf' dit op 'n manier. Dan is die skriftelike weergawe die enigste 'korrekte' weergawe. Só word kreatiwiteit uiteraard onderdruk. Mondelinge oorlewering sal gelukkig altyd met ons wees."

DIÉ BRONNE AL HOE SKAARSER

Digitalisasie beteken ook dat, persentasiegewys, baie minder dokumente in argivarisse se hande beland, sê dr. Francois Verster, argivaris by Naspers. Want inligting wat nie uitgedruk word nie, word op sagteware gehou om bewaar te word, maar omdat nuwe programme voortdurend die oues vervang, moet data gereeld na nuwe programme gemigreer word.

Dink maar aan die stiffies en floppies van die 80's en 90's. Die tegnologie het so vinnig verander, al daardie data het verlore gegaan. Vir argivarisse bly elektroniese stelsels 'n



bekommernis omdat dit so maklik is om data uit te wis, sê Francois.

“Tallose voorbeelde van korrespondensie tussen rolspelers in Naspers se geskiedenis, byvoorbeeld tussen Schalk Pienaar en Piet Cillié, of Ton Vosloo en Johannes Grosskopf oor die ontstaansjare van Beeld, sou nie in die argief wees indien daardie memo’s en briewe nie uitgedruk en bewaar is nie,” voeg hy by.

“Op die groter verhoog is daar briewe deur Nelson Mandela wat teen obsene bedrae opgeveil word. Dus, kleinode wat al hoe skaarser word. En hoe sal ’n biograaf eendag ’n biografie skryf sonder aantekeninge? Wat doen jy as ’n geheuestokkie korrupteer, of ’n rekenaarskyf tot niet gaan, of geen toestel meer ’n CD kan lees nie?”

Sogenaamde egodokumente, soos dagboeke en memoirs, asook briewe deur (of aan) geskiedkundige figure, bied juis ’n belangrike insig in die denkprosesse van diegene wat oor mense skryf.

“Noudat briëfskryf feitlik verdwyn het, verdwyn daardie tipe bronne ook,” sê Francois. “Dink aan briewe tussen Uys Krige en sy broer Bokkie, Vincent van Gogh en sy broer Theo, Jane Austen en haar suster Cassandra, en ’n horde ander belangrike karakters in ons groot en gedeelde storie. Of dagboeke soos dié deur Olive Schreiner en André P. Brink. Of Anne Frank, of Elon Musk.”

Vandag stoor ons derduisende foto’s en video’s op rekenaars en selfone, al weet ons hoe maklik dit tot niet kan gaan. Ons is gewoon te lui om in dié eeu van vlietende beelde en oppervlakkige “vriendskappe” moeite te doen en dan eindig dit dikwels in ’n geweën en ’n gekners van tande – helaas te laat. Maar die mensdom is immer lugtig vir balans, so wie weet, eendag swaai die pendulum dalk terug en word skryf ’n statussimbool, en boeke daarmee saam. Intussen mag daar ’n paar stikdonker “middeleeue” wees, sê Francois.

WAT SAL VAN ONS OORBLY?

Vandag kan ons steeds strukture van die antieke

Egiptenare, Grieke en Romeine bewonder. Dr. Sarah Wurz, ’n argeoloog aan die skool vir geografie, argeologie en omgewingstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand en hoofnavorsers by een van Suid-Afrika se voorste argeologiese terreine, Klasiesrivier in die Oos-Kaap, vertel argeogeloe soek na materiële kultuur, want daarin “belê” mense baie van hul identiteit.

“As daar nie geskrewe rekords van ons oorbly nie, sal mense van die toekoms nie weet ons het taal gehad nie,” waarsku sy.

“Hulle sal dalk ’n verarmde weergawe vind van wie ons was. Indien ons nie alles behoorlik neerpen en bewaar nie, sal ons nie ’n behoorlike weergawe van onself nalaat nie. Dit kan ’n wanindruk skep, want wanneer ’n argeoloog soek, soek ons na simbole en na dit wat die meeste afgebeeld word. Ons generasie kan misgelees word, want die simbole van vermaak of advertensies is dalk nie wie ons werklik is nie.”

Sarah verduidelik in die Steentydperk het mense in grotte gebly, wat ’n natuurlike struktuur was. Dit het hul lewensproses baie goed bewaar. Hedendaagse strukture kan soms nie eens ’n aardbeweging of ander natuurramp oorleef nie.

“Dalk sal van ons groot meganiese masjiene die tyd kan oorleef. Dit sal dalk ’n goeie idee wees om ’n kultuurbank te bou, baie dieselfde as die saadbanke [plekke waar saad van oor die wêreld heen bewaar word]. Daarin stoor jy jou kultuur se artefakte.”

Die moderne mens is meer as 200 000 jaar oud en ons kan danksy genetica, fossiele, gereedskap, kuns en die geboue van die mense voor ons terugstap op ons eie voetspore. Ons kan hulle nog beter verstaan omdat ons hul woorde kan lees en in hul gedagtes verdiep geraak het.

Wat sal die mensdom van die toekoms van ons vind? Berge plastiek en ou selfone. Monumentale simbole van herdenking; woorde van mense – goed en sleg. ♡

DEUR ELSABÉ BRITS
ILLUSTRASIES: SEAN CHRIS STRYDOM